



## TOULEIER



# Die Chilene is wonderlike mense

## Hoofstuk 3 Deel 13

**D**is met n swaar hart wat ek Annabelle agterlaat en vort is berge toe vir veertien dae en veertien nagte. Sy moes stoksielalleen vir ons huis soek - in 'n dorp waar daar net een ander persoon was wat Engels kon praat."

Eind goed, alles goed, want kameraatjie kry toe die beste huis in die dorp. Die enigste dubbelverdieping het behoort aan die Montenegro-familie wat net 'n rukkie vantevore terugkeer het na Salamanca ná 'n ballingskap van 20 jaar in Denemarke tydens die Pinochet-bewind. Alfonse Montenegro, wat ook op daardie tyd die burgemeester was, het niks daarvan gedink om hulle huis vir ons te ontruim nie en self in 'n halfgeboude huis in te trek nie. Net daar raak ons toe lewenslange vriende. Matilda sleep Annabelle van winkel tot winkel en gee nie bes tot sy en Kameraatjie mekaar verstaan nie.

Salamanca staan bekend as die dorpie van die hekse, of *broegas* soos hulle in Spaans bekend staan. Hulle embleem is dan ook 'n antie op 'n besem. 'n Dorpie waar oud en nuut in perfekte harmonie saamleef. As jy vyf minute op die hoek van enige straat staan, sal daar 'n huurmotortjie verbykom. En al het die dorpie net omtrent 12 000 inwoners, het hulle selfs 'n busdiens wat die dorp deurkruis. Elke jaar hou hulle ook 'n hekse-straatfees

Die dorp is aan die voet van die Andesberge geleë, langs 'n rivier in 'n pragtige groen vallei omring deur dorre, droë bruin heuwels. Baie soos die Hexriviervallei en die stukkie Karoo daar agter. Die streek is bekend vir twee gewasse: Rooi rissies en 'n spesiale kleinkorrel druif genaamd pisco. Van die druif stook hulle iets tussen witblits en brandewyn. Jy het nog nie Suid-Amerika beleef as jy nie 'n pisco-suur gedrink het nie. Dit maak jou sommer gou-gou laf en lus vir jolyt!

Wat maak die Chilene sulke onvergeetlike mense? Hul eenvoud en hardwerkendheid – dis baie uniek. Omtrent elke mens hier het meer as een werk. Bedags sal een ou miskien die skoenmaker wees en saans 'n kelner in die restaurant. Straatveër of slagter, almal is ewe trots op hulle werk.

Die omie op die hoek oorkant die straat het 'n slaghuisie sommer so aan sy huis vasgebou. Hier is net vark verkoop en dit was ook net 'n paar uur per dag oop. Hy het later presies geweet watter soort snit om vir my reg te maak vir my baie gereelde braaiery en het my selfs kom roep as hy vars vleis inkry.

Agter in ons tuin was 'n baie gewillige suurlemoenboom, altyd vol suurlemoene, een van die sleutelbestanddele van 'n pisco-suur. Wanneer ek elke twee weke vir 'n lang naweek kom uitvars, is die varktpies of *tjolettas* gereed en klaar gesprinkel met Robertson se hoenderspesery wat ons altyd en oral saam met ons oorsee smokkel.

Terwyl die houtskoolvuurtjie knetter en kraak, meng ek vir ons tweetjies 'n geil en gure pisco-suurtjie. Dit laat mens sommer gou-gou glo dat jy gladdebek Spaans praat.

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**pos@onsdorp.com**



**Ek en die burgemeester by Salamanca se jaarlikse heksefees.**

# Om die kampvuur

## Vanwaar kom BLOEDSTRAAT?

Bloedstraat in Pretoria het 'n interessante geskiedenis. Tydens die kort burgeroorlog (1862-1863) het kmdt SJP Kruger die huis van die opstandige genl Stephanus Schoeman laat bewaak.

Onbewus hiervan ry Jacobus Francois du Toit, seun van die magistraat A.F. du Toit, op Sondagoggend 14 September 1862 daarheen.

Weens 'n sterk wind hoor hy nie die bevel om te stop nie. Daarop bars 16 geweerskote op hom los. Hy word in die skouer gewond en sy perd word onder hom doodgeskiet – vandaar die naam Bloedstraat! Jacobus se pa het in 1865 'n brief aan die Volksraad gskryf waarin hy sy armoede bekla en "een jaarlyks onderhoud " vir sy seun vra.

Dit is nie toegestaan nie. Dit blyk dus dat Jacobus sodanig beseer is dat hy finansiële onderhoud moes word.

**As jy moet kies om maer te bly of wyn te drink:**

**Wat sal jy kies: rooi of wit?**

## Vroue in die ABO



Vroue het 'n belangrike rol in die Anglo-Boereoorlog gespeel. Tydens die afwesigheid van hul mans wat op kommando was, het die vrou die hoof van die huishouding geword. Hulle het bankvas agter hul mans gestaan en aangemoedig om aan te hou veg.

Soos wat Boere van die oorlogsfront teruggekeer het, het talle patriotiese Boerevroue hul mans beveel om weer te gaan veg.

Baie het selfs hul mans op kommando vergesel, soos Martha Catharina Krantz, vrou van die professionele jagter kmdt. Otto Krantz. Hulle was deel van die Vryheid-kommando in die Slag van Elandslaagte (21 Oktober 1899).

Sy het ook aan die gevegte by Tugela deelgeneem en was betrokke by die beleg van Ladysmith. Nadat haar man gevangene geneem is, het sy toestemming gekry om hom na 'n krygsgevangenkamp in Ceylon te vergesel.

Martha het bekend geword as 'n "Amasone"-vrou! (J. Malan, "Die Boere-offisiere", 1990).

## Die oorsprong van bygelowe

Het jy geweet dat die titel Macbeth van Shakespeare nie in 'n teater in die Verenigde Koninkryk genoem word nie? Dit sal ongeluk oor die opvoering bring. Daarom staan dié klassieke werk daár as die Skotse Drama bekend.

Weet jy dat geboue in Oos-Asië glad nie 'n vierde verdieping het nie, en dat geboue in Hongkong geen verdieping met 'n syfer vier daarin het nie? Verdieping 4, 14, 24, 34 en 40 tot 49 ontbreek in dié wolkekrabbers.

Baie mense in China, Korea en Japan ly aan tetrafobie en het 'n vrees vir die syfer vier. Dit bring onheil, glo hulle.

Waarom word groen nie in Franse teaters gebruik nie en violet nie in Italiaanse teaters nie? Want daar bestaan verskeie bygelowe hieroor wat van kultuur tot kultuur verskil. En boonop kan 'n bygeloof in een kultuur, 'n volksgeloof in 'n ander wees.

**\*Met erkenning aan dr. Anton Prinsloo.**

# Duskantlander in Anderkantland

## Daniël op haar beste in die bos

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

**M**y moeder het 'n sê-ding in die huis gehad wat iewers vasgeslaan het. "As die son sak in die Weste, is Daniël op haar beste". Wanneer nagkrieke begin gil 'die dag is verby', raak ek krielig. Mens kan nie net so op jou eie spoed aandobber nie. Jy moet iewers ietsie aanvang, waarna jy eindig op die stoep kan verwys – en sê: Dáár, doeikant, het ek 'n streep in die stofagtergelaat wat iemand se dagplan verander het.

Kyk onse ekspat tannies moet mos heeldag handjies gevou sit en huis-huis speel, tot vanaand wanneer manlief tuis kom. Sou ons nou 'n wettige werkspermit toegestaan word, is dit soos die kossies uit 'n lokale werker se mond uitpluk. Werkspermitte is so skaars soos hoendertanne – net een per gesin is die standaard. Werk ons iewers vir 'n geldjie, dan gooi immigrasie jou en manlief sonder fieterjasies landuit! Mense klik graag opmekaar, want die son mog mos nie op almal gelyk skyn nie. Nou vind ons ander maniere van onself vermaak.

Ons sit gratis en verniet ons vlytige hanne en koppe bymekaar om besig te bly. Enige ietsie wat "anders" is vind aanklank. Naaldwerkgroepe, verfkunsklasse, kaartspel, mahjong, tennis, marathons, teedrink, jogaklasse, stapgroepies, vroue aksiegroepe, Bybelstudie – noem maar op; ek ken iemand wat dit aanvang. Ledigheid is immers die duiwel se oorkussing.

Ook bang ek mis op ietsie uit, rits ek eendag saam diep bos toe. Anderkant drie ure se ry uit Akkra gaan ons op 'n uitstappie van een van die vrouegroepe wat 'n oorslaap in 'n eensterhotel insluit. Ons gaan bekyk die aanbou van 'n kraamkliniek wat so in die stof staan tussen die gehuggies. Met die intrapslag sien ek iemand smokkel met iemand anders se bougeld. Nie een van die vensters is op dieselfde hoogte nie, skewe mure en nie een van die deure is dieselfde breedte nie. Selfs die boublokke in een muur is verskillende groottes. Ek sê toe nou so ingedagte vir die vrou wat naaste aan my staan dat die Duiwel mos aan mens verskyn in die vorm van 'n slingatbouer met 'n troffel in die hand. Yak-yak-yak gaat ek aan oor als wat ek verkeerd sien.

So werk dit mos uit dat die tannie wat so aandagtig luister na my wat so oorlams my gedagtegang staan en vertel, 'n Kanadees is wat geld uitdeel aan die vrekse wat daar bou. Nou kyk, as jy so dom is soos toffie, dan moet jy gekou word! Mens kan nie net geld vanuit Toronto aanstuur en vertrou mense sal dit mooi spaarsamig en met oorleg op 'n bouery spandeer nie.

Lang storie kort, het ek nou die kliniekbouprojek oorgeneem en red wat daar te redde is. Eers moes daar reggestel word met 'n dun begroting, want die stoute kabouters het diephand in die koekieblak gedêps, blink mouters gekoop en sommer lekker gaan vakansie hou met die projekgeldjies.

Hou nou in gedagte: Hierlangs is nog "diep donker Afrika" waar almal nie noodwendig skoolgaan en leer lees en skryf nie. Dit geld beslis nie vir baie vissers en boere nie, hulle het wel kinders op strepe, want meer kinders is meer hanne wat kan werk. Mense in die landelike omgewings besit nie noodwendig 'n mouterkar nie, en twintig kilometer tot op die naaste dorp is nog steeds 'n dagreis ver.

Natuurlik is die plek eksponenteel vrugbaar, want in daardie areas is tweeling en drieling nogal algemeen. In die landelike gedeeltes besoek vrouens nie hospitale en klinieke nie, hulle steun op voedvroue en moeders in hulle eie gemeenskappe en omgewing.

So die noodsaaklikheid van klinieke verder uit die groot dorpe is 'n lewenslyn vir menigte. Die taak is enorm, iets so onwerklik soos om 'n olifant op te eet. Maar dit kan ook gedoen word, oor 'n lang tyd ... happie-vir-happie. Dis presies hoe dit nou is: ons bou een boublok op 'n slag.

Wanneer my Namibië-vriende vra wat doen ek heeldag, dan vertel ek gedwee, ek trek stofstrepe in Afrika ...

(Mense kan op Facebook gaan loer en kiekies kyk van die kliniek se bou:

Snuffel na Canadian Friends of Adaklu Waya

<https://www.facebook.com/groups/1392167074390195/>)`

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



**NOAG SE GROOTSTE PROBLEEM**

Kry tog nou klaar met jou gepiepie!



**As 'n vrou jou met 'n mes dreig: Sit brood en konfynt voor haar neer. Haar instink sal oorneem en sy sal vir jou 'n toebroodjie maak.**

## GEE MAAR OOR!

Twee nie te slim inbrekers het by 'n kantoorblok ingebreek en stap saggies in 'n gang af. Hulle kom toe by 'n groot kaart teen die muur met die woorde "Jy is nou hier."

"Ons beter onself maar oorgee," sê die een.  
"Hulle weet al waar ons is."

**Alles gebeur met 'n rede.  
Soms is die rede dat jy dom is.**

## SKOTTELGOED

Ek bel 'n vriend nou die dag en vra wat hy doen. Hy vertel my hy is besig met die hidro-termale behandeling van keramiek, glas, aluminium en staal onder hewige oorhoofse druk.

Ek was baie beïndruk en gaan google dit toe.

Draai uit hy was besig om skottelgoed te was, met warm water, onder toesig van sy vrou.

## 'N MAN KAN NET NIE WEN NIE

Die man staan vroegoggend op, gereed vir die dag en praat met sy vrou:

"Wil jy nie saam met my gaan draf nie, Skat?"

Vrou, moerig: "Wil jy sê ek is vet?"

Man: "Nee, maar dis goed vir jou gesondheid!"

Vrou: "So, nou is ek sieklik?"

Man, verbouereerd: "Jy verstaan my verkeerd, Skat, dis nie wat ek bedoel nie!"

Vrou, nou erg omgekrap: "So, ek's onnosel en ongeletterd, iemand wat niks verstaan nie?"

Man, desperaat: "Dis nie wat ek gesê het nie, Skat."

Vrou: "Wil jy vir my sê ek lieg?"

Man, sugtend: "Geniet maar jou slapie, Skat, ek gaan alleen draf!"

Vrou: "Ja, jy doen mos alles alleen, te hel met my!"

## PEANUTS deur Schultz



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### 25 Tekens dat jy nie meer vandag se kind is nie

1. Kafoefel op 'n enkelbed is buite die kwessie.
2. Jy kreun voordat, asook terwyl jy buk.
3. Jou yskas bevat meer kos as drank.
4. Jy geniet dit om blokkiesraaisels te voltooi en met sudoku te stoei.
5. Vyfuur is hoe laat jy opstaan, nie hoe laat jy gaan slaap nie.
6. Baie van jou sinne begin met "toe ek jou ouderdom was..."
7. Nie een van die Kia Top 20 liedjies klink vir jou hoegenaamd bekend nie.
8. Jy het geen idee hoe laat McDonald's of KFC toemaak nie.
9. Bokswyn is nie meer heeltemal so lekker nie.
10. Jy eet ontbyt in die oggend, en nie meer in die middel van die nag nie.
11. 90% van die tyd wat jy voor 'n rekenaar spandeer, is vir werk.
12. Jou dokter lyk vreeslik jonk.
13. Jou bril het 'n toutjie en hang permanent om jou nek.
14. Jy raak aan die slaap voor die TV.
15. 'n Middagslapie klink baie aantreklik.
16. Jou sleutels verdwyn gereeld spoorloos.
17. Jy raak lomerig ná 'n glas wyn.
18. Jy begin vrywillig in die tuin werk.
19. Jy kyk meer gereeld na die weervoorspelling.
20. Jy trek aan volgens die weervoorspelling.
21. Jy begin die voëls in jou tuin kosgee.
22. Die linkerbaan op die snelweg voel veilig.
23. Jy verkies vakansies en troues waar daar geen kinders welkom is nie.
24. Jy voel jy moet altyd sê wat jy dink, al is dit onbeskof.
25. Jy het hierdie hele lys geles in die desperate hoop dat daar dalk een teken op die lys is wat nie op jou van toepassing is nie. Jy kon egter nie een kry nie, en dis hoekom jy dit aanstuur na 'n klomp van jou ouer vriende, want jy weet hulle sal dit ook geniet. Nou weet jy ook hoekom ek dit vir jou aangestuur het.

### HET JY GEWEET?

Die DC-3, algemeen bekend as die Dakota, word as die beste passasiersvliegtuig nog beskou. Dit was die werk van die Amerikaanse Douglas Aircraft Company, en hy is aangedryf deur twee skroewe wat elk 1 200 perdekrug lewer. Die Dakota se togsnelheid was 300 km/h en hy kon 28 passasiers vervoer.

Die Dakota se eerste kommersiële vlug was in 1936, en daar is altesaam 10655 gebou. Geen ander vliegtuig was so suksesvol nie.

Daar word bereken dat daar noq 400 Dakotas is wat vlieg.

**Ons maak pizzas rond, pak hulle in 'n vierkantige boks en sny hulle in driehoeke voor ons eet.**

**Het julle ook al gewonder hoekom?**

# Prettighede

## uit ou

## Moddereiland

### Aankondigings op die Londense moltreine

**Hierdie is ware opgetekende aankondigings wat op die Londense "tube" gemaak is:**

- ▶ "Dames en here, ek vra verskoning vir die vertraging in ons diens. Ek weet julle brand almal om by die huis te kom, behalwe as een van julle dalk met my vorige vrou getroud is. As dit die geval is, moet daardie persoon na die westelike roete oorklim en in die teenoorgestelde rigting reis."
- ▶ "Vanaand se vertraging word veroorsaak deur die lynkontroleur, wat aan die E&A sindroom ly. Dit beteken hy ken nie die verskil tussen sy elmboog en sy agterent nie. Ek sal julle op die hoogte hou met enige veranderings."
- ▶ "Dames en here, ons vra verskoning vir die vertraging, maar daar is 'n sekuriteitsprobleem by Victoria-stasie. Ons mag vir die afsienbare toekoms hier gestrand wees, so kom ons hou op om daaroor te tob en geniet die tydjie saam. Almal saam nou: 'Ten green bottles, hanging on the wall . . .'"
- ▶ "Bedel is verbode op hierdie trein. Moet asseblief nie hierdie beroeps-bedelaars ondersteun nie. As jy los geld het, gee dit aan 'n erkende welsynsorganisasie. As jy nie van so iets weet nie, kan jy die geld sommer vir my gee."

## UIT DIE BRITSE PERS

Die polisie het bekend gemaak dat 'n vrou wat vir winkeldiefstal gearresteer is, 'n hele salami in haar onderklere versteek het. Haar verskoning was dat sy haar Italiaanse minnaar mis.

**(Manchester Evening News)**

Die Ierse polisie word gekortwiek in hul soektog na 'n gesteelde voertuig omdat hulle nie 'n beskrywing daarvan mag gee nie. Die voertuig behoort aan die Special Branch en hulle wil nie hê die publiek moet weet hoe dit lyk nie.

**(The Guardian)**

Op die toppunt van 'n storm het die hawemeester 'n kuswag gebel en hom gevra wat die geskatte windsnelheid is. Die kuswag het gesê hy is jammer, hy het nie 'n windmeter nie. Maar as dit sal help, kan hy sê dat die wind so pas sy Land Rover van die krans afgewaai het.

**(Aberdeen Evening Express)**

### Dink net —

### Kinders wat in 1992 gebore is:

- Gee glad nie om wie JR geskiet het nie. Hulle weet nie eens wie JR was nie.
- Dink vigs was nog altyd deel van die lewe.
- Het geen idee hoe 'n tikmasjien werk nie.
- Het nog net van a partheid gehoor.

Hoe om stres soos 'n hond te hanteer:  
As jy dit nie kan eet of daarmee speel nie, piepie daarop en stap weg.

# 6 KORT STORIES

1. Op 'n dag het die hele dorp se mense saamgetrek om vir reën te bid, maar net een seuntjie het met 'n sambreel opgedaag.

Dis **GELOOF**.

2. As jy babas in die lug gooi, lag hulle want hulle weet jy gaan hulle weer vang.

Dis **VERT ROUE**.

3. Ons gaan elke nag slaap sonder die waarborg dat ons weer wakker gaan word, maar ons stel nietemin die wekker.

Dis **HOOP**.

4. Ons maak groot planne vir môre sonder dat ons enige kennis van die toekoms het.

Dis **GERUSTHEID**.

5. Ons sien hoe die wêreld tot niet gaan, maar ons trou en kry kinders.

Dis **LIEFDE**.

6. Op 'n ou man se T-hemp was geskryf: "Ek is nie 80 jaar oud nie – ek is 16 met 64 jaar se ondervinding."

Dis **HOUDING**.

**Lekker dag! Probeer jou lewe só leef.**

## Is mos reg so!

Gammat ry op die bus en Meraai klim op. Haar gesig is vreeslik opgemaak: sewe lae grimering en poeier, bloedrooi lippe en sulke massiewe oogskaduwee en ooghare dat sy skaars haar oë kan oophou.

Sy hang aan die leergordel in die bus want daar is nie 'n oop sitplek nie.

"Hei, Gammat," sê sy, "waa's djou maniere?"

"Hoeke' offer djy nie virrie lady 'n seat nie?"

"Nei," sê Gammat, "'n painting is mos gemaak om te hang."

## Slim suster maak 'n blink plan!

Twee Amerikaanse susters - 'n brunet en 'n blondine - het 'n plaas geërf, maar was na net 'n paar jaar in 'n geldelike verknorsing.

As oplossing besluit hulle toe om 'n bul aan te koop en hul eie beeskudde te begin.

Die brunet ry toe met die motor na die boer wat 'n bul te koop het.

"Onthou," sê sy vir haar blonde sussie, "as ek besluit om die bul te koop, sal ek jou laat weet."

Dan kom laai jy hom met die lorrie op."

Die brunet hou toe van die bul en besluit om hom te koop. Die boer sê hy wil \$599 hê en nie 'n sent minder nie.

Sy betaal en gaan toe dorp toe om vir haar suster 'n telegram te stuur.

"Ek wil vir my suster 'n telegram stuur dat ek 'n bul vir ons plaas gekoop het. Ek wil hê sy moet met die lorrie kom om hom op te tel," sê sy vir die telegrafis.

Die telegrafis is baie behulpzaam en sê die koste is 99c per woord, maar die brunet het net een dollar in haar sak oor.

Sy het 'n bietjie gedink en sê:

"Ek wil vir my suster net een woord stuur: comfortable."

Die telegrafis skud sy kop. "Hoe gaan sy weet jy moet die lorrie bring om die bul mee plaas toe te vat as jy vir haar net een woord stuur en die woord is comfortable?" vra hy.

O, julle gaan hiervan hou!

↓ **BLAAI AF**

↓ **BLAAI NOG AF**

Die brunet verduidelik toe: "My suster is 'n blondine. Dis 'n lang woord en sy gaan dit stadig lees: com-for-da-bull."

**Klein outjie in bar aan die uitsmyter in die kroeg:  
"Onthou net groot gif kom in klein botteltjies!"**

**Uitsmyter: "Ek gaan jou nie drink nie, ek gaan jou bliksem!"**



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

**LOUW** [pietaq68@gmail.com](mailto:pietaq68@gmail.com): Ek soek inligting oor Oupa Jacobus, Andries Adriaan (Kooitjie) Louw, gebore 06/09/1898 en oorlede 28/03/1984. Hy was van die Sandveld meer spesifiek de Brakkuil/Sandkuil area en het die plaas Klein Tafelberg by sy pa geërf. Is in 1948 weg van die plaas om in Vredenburg te gaan woon.

Haar ouma was: Sara Aletta (Sarie) Brand ek is nie seker of dit Brand of Brandt is nie. Sy was van Modderkuil omgewing ook Sandvand. Sy was 8 jaar ouer as oupa. Haar verjaarsdag was 3 Junie (Jaar?).

Hulle was albei van dieselfde omgewing in die Sandveld, naby Aurora en Redelinghuys.

Ek soek inligting namens hul kleindogter, n vriendin.

### GOUWS

epos: [pietaq68@gmail.com](mailto:pietaq68@gmail.com)

Addisioneel: My Oupa Frederick Jacobus Gouws het 12 kinders gehad waarvan 5 seuns was nl Frederick Jacobus 1880, Andries Johannes 1881, Jan Louis 1883, Pieter Andries 1896 (my Oupa) en Marthinus Johannes 1898 van wie ek die nageslagte navors. Ek sukkel om enige spoor van laasgenoemde op te spoor hy was in die SAP en na SWA gestuur in die 1920s en die groep deel gevorm van die nuut gestigte SWAPOL(Suid-Wes Afrika Polisie)Hy was lief vir jag en het waarskynlik daar in die land gevestig en sal ek enige inligting oor hierdie mense waardeer.

**Nog vanne wat aangemeld is: Mostert, de Kock, Eygelaar, Navrattel, Calvert, Small,**

Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.

## Eendag in die platteland

Lydia Lindeque, aktrise en vrou van die digter en skrywer Uys Krige, het tot haar dood gesweer hierdie storie het regtig op 'n toneelgeselskap se toer gebeur.

Dit was in die laat 1940's in die hout-en-sinkplaat dorpsaaltjie iewers in die Karoo en die hele gemeenskap het die Afrikaanse toneelstuk kom kyk.

Die burgemeester, dominee, ouderlinge en ander hoogwaardigheidsbekleërs het die voorste rye beset. Daar was ook bruinmense in die gehoor – rusteloos en luid in die goedkoop sitplekke en kennelik onbekend met drama op die verhoog.

Soos die stuk vorder, word 'n skoot geskiet. Die aktrise val vooroor in die held se arms. Hy draai na die gehoor en vra: "Wat moet ek nou doen?"

Iemand van agter in die saal roep luid uit: "Stiek haar voor sy koud word!"

Skok en pandemonium! 'n Paar onderdrukte giggels voor in die saal, geskree en gejuig van agter in die saal. Die burgemeester beraadslaag met die dominee, wat met die hoofouderling beraad voer, omdraai en die skuldige aanspreek:

"Gedra julle, of ons staak die stuk!"

Die bruin konstabel wat die orde moet handhaaf loop in die paadjie af, swaai sy knuppel en dreig: "En nou bly julle stil of iemand kry ernstig seer vanaand!"

Die orde word herstel, die akteurs ook. Die spel gaan voort en die hele gehoor is spelgebonde. Op die verhoog word 'n koppie tee gedrink en die held sê: "En wat is lekkerder as 'n koppie tee?"

Die konstabel swaai om na die gehoor, knuppel dreigend in sy hand, en skree: "Ek moer die eerste donner wat sê doos!"



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

Nou dié wat nie fietsry ken nie, weet seker nie dat die voorbriek nie goed werk op 'n afdraand nie.

Deur **PETRUS**

**S**aterdag vlieg 'n klomp malletjies op tv weg op die Cape Epic. Tussen my popcorn en brannas wonder ek of ek nie ook maar moet fiks word nie want daar is 'n paar moerse mooi boudjies op daai baaisiekels, maar ek kry miltsteek as ek toilet toe loop.

Ek het mos hoeka vir die kinders elkeen 'n grend baaisiekel gekoop op rekening nogal en nou ry ek hulle met die kar skool toe en daai helse duur martelpype staan en op roes in die garage.

Nou kyk ek waar op die ding is die carrier vir toebies en padkos maar die simpel ding het net so draad rakkie vir water sê die laatie. Water en wat? Daar sal nooit 'n bottel J&B inpas nie!

Ek moes seker gekyk het vir een of ander weight limit want as ek 'n 3 liter Toyota bakkie op sy knieë trek as ek inklim gaan iets sy gat sien op die ou draadraampie.

Die kinders het loop dekking soek onder die vêrste bed in die huis met een of ander sign wat sê "Ek ken nie daai ou nie...".

Het julle geweet Spandex broeke het ook 'n rek limiet? Dis soos om daai maer vroujie van *7de Laan*, Hilda, se super small bloomer om 'n blou walvis se gat te probeer trek. Jou aambeie skuif tot onner jou oksels.

Dank Vader die pienk fiets se ketting lyk soos iets wat mens in Richardsbaai se hawe vergeet het van die roes. Ek het een van die kinders se Helmets geleen al kon die twee net uit deœncy vir my gesê het dis 'n skateboard helmet.

Nou onthou, ek het laas fiets gery toe 'n Chopper nog 'n professionele resies bike was en ek beklim die stukkie draadrank terwyl ek aan die prieël vashou om nie om te donner nie. So met die been oorgooi gee die spandex op en flash ek my vrou in die kombuis wat die stront gade slaan en ek hoor net koppies val in die wasbak.

Nou moet ek my gewone PT broek dra maar die saal is vir iemand gemaak met minder hol-cleavage as ek en so met die sitslag verdwyn daai saal met my nuwe onnerbroek en die helfte van die PT broek die onnoembare in en verstaan ek skielik wat 'n wedgie from hell is. Dis finkenol teen wat ek nou bekeef!

Die arme fietsie se shocks lê halfpad verby hul optop level en al is die tyres 104.7 BAR gepomp lyk hulle steeds pap, maar vandag word ons fiks!!!!

Nou die wat die plek ken waar ek woon, weet van die enigste koppie in die omtrek net agter die huis. Nou as ek hom nou kan uittrap en terugkom sal ek in 'n kort rukkie fiks wees, reken ek. Die munisipaliteit se lorries kom nie eers daar uit nie en na 'n ongoddelike strawwe, bloedswetende, asembenewede eerste 12 meter vang ek lift met 'n bakkie op tot bo. Afkom lyk makliker...

Nou die wat nie fietsry ken nie, weet seker nie dat die voorbriek nie goed werk op 'n afdraand nie. Nevermind, met my skateboard helmet, PT broek driekwart in my watchemaycallit, vellies en rugbykouse bespring ek daai martelpyp bo-op die koppie ten aanskoue van 'n ander gesinnetjie Cape-Epic wannabe's. Die ma druk sommer die dogtertjie se oë toe want ek het later by die ambulansman gehoor ek het hol-cleavage gegooi vir Afrika.

Toe die predikant my kom besoek het vanoggend wou hy weet of ek so in die afkom dalk 'n bees in volle vaart met een of ander geel ding in sy alie daar sien afkom het. So op sy droë manier kan hy ok maar 'n drol wees.

To hell met fiks word. Boude is mooier op TV en my gips kom anyway eers oor vier weke af.

Groete van Petrus

Hier is nog KAMMANUUS:  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html)

